

Woensdag 22 November

Skrifgedeelte: Romeine 12:18-21

Fokusgedeelte: Romeine 12:18

My verhouding met burgerlike ongehoorsames – leef in vrede met alle mense

Ons leef in 'n wêreld van haat en ongehoorsaamheid. Ook jy as gelowige het al baie vyandskap in jou lewe teëgekóm. Ons kan daarvan nie ontvlug nie. In vandag en môre se dagstukkies gaan dit oor my verhouding met die burgerlike ongehoorsame mens. Hoe dikwels is dit hierdie mens wat deur die verkeerde opvoeding en verkeerde blootstelling aan ander burgerlike ongehoorsames die wette en orde in 'n samelewing al meer uitdaag en wil afbreek.

Die vraag kan gevra word in watter mate die tipe onderwys en die ondermyning van gesag in die klaskamers nie alreeds die kiem dra van die latere burgerlike ongehoorsaamheid wat (soos die kind meer volwasse raak) hy/sy nie net meer by die skool nie, maar op soveel ander terreine gesag uitdaag en wil omverwerp. Ons het werklik in ons land 'n groot probleem met gesonde verhoudings, dissipline en die toepassing van wet en orde. 'n Burgerlike ongehoorsame mens wil van hierdie drie dinge niks weet nie. Nou is die vraag: Hoe moet ek my teenoor dié mens handhaaf? Wat moet my verhouding met so 'n mens wees?

Die hele Romeine 12 word gedra deur verhoudings. Verhoudings met medegelowiges, maar ook my verhouding teenoor *alle ander mense*. Ook teenoor die burgerlike ongehoorsames. Ons moet sover dit moontlik is en dit van ons afhang, in vrede met alle mense leef. Ek moet daarom my kant skoonhou. Deur my optrede, ook teenoor die burgerlike ongehoorsame mens, kan my optrede deur burgerlik gehoorsaam te wees in wat God van ons eis, dalk ook die ongehoorsame mens nader na God trek. Die kwaad moet hier ook deur die goeie oorwin kan word.

Ons moet die daad van burgerlike ongehoorsaamheid waaroor Romeine 13 (die volgende hoofstuk) nog dieper handel, duidelik en skerp kan uitwys en veroordeel. Die staat is primêr daar om sulke wettelose mense en burgerlike ongehoorsame mense tot orde te bring en te straf. Ons kan en mag nie teenoor sulke mense wraak wil neem en uit ons eie probeer straf nie. Ons voorbeeld van burgerlike gehoorsaamheid kan nie beter as in die woorde van Calvyn saamgevat word nie: "Terwyl ons geduldig op ons verlossing wag dat ons wel in die tussentyd sal bid dat diegene wat ons nou hinder en pla deur bekering ons vriende sal word."

Sing: Psalm 96-1:6

Dr. PJ Venter (Petrus) (Postmasburg)